

## BREI 'N BEERTJIE

**BENODIGDHEDE:** Fiesta Pullskein DK (100-g-uitrekstringe); 150(200; 250) g lig-bruin, breinaalde van 3,25 mm; 3 paar bruin speelgoedogies, 1 van 12 mm en 2 van 15 mm, met klinknaels om dit vas te hou; paar gram donkerbruin of swart gare om snoet en bek te borduur; stukkies geruite vilt vir neuse en voetsooltjies, wasbare opstoppel; geruite materiaal vir strikke.

**MATE:** 30(46; 61) cm lank.

**SPANNING:** 26 ste en 32 rye = 10 x 10 cm oor ks.

**AFKORTINGS:** r – brei regs; aw – aweregs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); beg – begin; herh – herhaal; vlg – volgende; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; ks – koussteek; oks – omgekeerde koussteek, die aw-kant is voorkant van werk.

**LYF (2):** begin by hals en stel 18(22; 26) ste op, vermeer 1 st aan weersk van elke alt ry tot 34(44; 54) ste in gebruik is, brei dan 26(38; 52) rye reguit.

**Afskuinsing:** heg 2 ste aan beg van elke ry tot 10(12; 14) ste oorbly, en heg af.

**VOORPOTE (2):** stel 2 ste op en vermeer 1 st aan weersk van elke ry tot 30(38; 46) ste in gebruik is, brei dan 16(28; 40) rye reguit, eindig met 'n RK-ry.

**Afskuinsing:** \*Vlg ry, VK: r2tes tot einde – 15(19; 23) ste bly oor; brei 1 ry aw.

**Vlg ry:** r3tes; r2tes tot einde 7(9; 11) ste bly oor, knip gare af maar laat 'n stuk wat lank genoeg is om deur oorbl ste te ryg; ryg deur, trek flink vas en werk af.\*

**AGTERPOTE (2):** stel 30(38; 46) ste op en brei 32(48; 64) rye ks, eindig na 'n aw-ry, voltooi dan soos uiteengesit vir voorpote van \* tot \*

**KOP (1):** stel 46(56; 66) ste op en vermeer 1 st aan weersk van elke ry tot 66(82; 98) ste in gebruik is, brei 2 rye, vermin 1 st aan weersk van elke ry tot 24(30; 40) ste oorbly, vermin dan 1 st aan weersk van elke alt ry tot 2 ste oorbly, en heg af.

**ORE (2):** stel 14(16; 18) ste op en brei 6(7; 8) rye reguit, vermin 1 st aan weersk van vlg 3 alt rye, vermeer dan 1 st aan weersk van vlg 3 alt rye, brei nog 6(7; 8) rye reguit en heg af.

**AFWERKING:** werk alle nate toe, begin by kruisnaal; onthou dat aw-kant die regte kant van werk is. Werk afhegrand van pote aan lyf vas. Werk lyf- en pootnaat toe. Stop pote op. Werk voorpote aan lyf vas, stop voorpote, dan lyf op. Werk vermeer-nate van kop aan mekaar vas om hals en snoet te vorm. Plaas afhegpunt van kop teenaan punt van snoet en werk vermin-rande aan mekaar vas om 'n Y-vormige naat te vorm. Steek oë in, stop kop goed op, trek dan opstelrand by hals effens in. Vou ore in helfte en werk nate toe, werk aan kop vas, werk kop aan lyf vas. Borduur snuit en bek. Knip voetsole uit vilt en werk aan voor- en agterpote vas soos op foto gesien kan word.

Gebruik lint of Skotse ruitmateriaal om hals-strikke te maak of brei serpe wat om beertjies se halse geknoop kan word.



# BREI 'N BEERTJIE